

4 Desember

Skrifgedeelte: 2 Korintiërs 2:12–17

Fokusgedeelte: 2 Korintiërs 2:14

Die evangelie: soos reukwerk in 'n triomftog

Die goeie werk wat die Here deur Paulus in die kerk van Korinte gedoen het, is agteraf gedwarsboom deur valse leraars. Paulus is omgekrap omdat die blye boodskap teëgewerk word. Hy skryf sy “tranebrief”, en tot sy verwondering hoor hy dat die Here sy “tranebrief” gebruik het om die gemeente weer tot inkeer te laat kom. Diep innerlik besef Paulus dat die blye boodskap van oorwinning deur niemand gekeer kan word nie.

Kennis van die blye boodskap van verlossing in Jesus Christus baan sy weg deur die wêreld soos 'n Romeinse triomftog na 'n oorwinning op die slagveld. Soos die bevelvoerende generaal sy triomftog lei, so lei ons Here Jesus Christus sy triomftog deur die wêreld. In die triomftog van Christus kan niemand die vreugde van die oorwinning deel sonder om deel te wees van dié triomftog nie. Jy deel in die oorwinning deur die kennis van Christus te versprei soos reukwerk – reukwerk wat 'n belangrike deel van die optog uitgemaak het. Reukwerk is heen en weer geswaai deur priesters. Dit het 'n onmiskenbare geur versprei en as jy dit geruik het, het jy geweet: Ek is deel van die oorwinning!

Ongelukkig was daar ook krygsgevangenes in 'n triomftog. Vir hulle was die reukwerk 'n geur wat die dood aankondig het. Dood én lewe word onmiskenbaar geruik in dieselfde geur wat Christene versprei in die oorwinningstog van die evangelie.

Weet ook dat hierdie triomftog onherroeplik by ons verbygaan, by jou en my, by ons kerk, by ons verbondsgesin. Wees dus voluit deel van hierdie juigend-blye skare, want die triomftog gaan onkeerbaar voort maar ook onherroeplik verby....

Ds RM van der Merwe (Carletonville)